# Cachet-biljet

CACHET
GEREFORMEERDE KERK

20 September 2020




www.gkcachet.org.za

| Afrikaanse eredienste | English worship service |
|---|---|
| Sondae 9:30 & 18:00<br>In die Gemeentesentrum (GS) op die NWU-PUK kampus, Hoffmanstraat 28 | Sundays 11:00<br>In the Church House on the NWU-PUK Campus, Hoffman street 28 |
| **Kerkkantoor in die GS**<br>Lulu Coetsee – 018 294 4894 of 079 494 7360<br>Dinsdae- & Vrydae oggende 8:30-12:00 | **Predikant**<br>Brahm Robinson – 064 656 1374<br>brahmrobinson@gmail.com |

## Kontakpersone & Inligting

**Hulppredikante:**
Prof. (Oom) Henk Stoker – 082 327 8921
Prof. ("Net Albert") Albert Coetsee – 084 577 1777

**Pastorale berader:**
Dr. Frans Minnie – 082 787 4583

**Diakonie (vir koskas, nood & skenkings)**
Nardus Buys – 076 413 7273
nardusbuys14@gmail.com

**Susters:**
Lida Robinson – 076 263 4983
robinsonlida@gmail.com

**Jubila-voorsitter:**
ID Nagel – 072 926 6851
idvnagel3910@gmail.com

**Koster & Powerpoints:**
Philip Wepener – 083 454 6035
npwepener@gmail.com

**Stuur enige inligting vir die *Cachetbiljet* na:**
Philip Wepener – 083 454 6035
npwepener@gmail.com

**Vir vervoer na eredienste & kerkaksies:**
Zard Aucamp – 061 638 5247

**Erediens preke & oordenkings:**
http://gkcachet.org.za/preke/

**Bankbesonderhede:**
Gereformeerde Kerk Cachet
Takkode: 632005
ABSA-tjekrekening
Rekeningnommer: 06 7034 0023
Verwysing: wyk, voorletters & van

**Psalms begeleiding deur Tilla Labuschagne:**
https://npwepener.wixsite.com/website

## Liturgy: Morning Service 20 September 2020

### Prof Albert Coetsee

Pre-sing: Hymn 63 (The Lord's Prayer):1, 2, 8
**Votum and Greet Blessing**
Hymn of Praise: Psalm 89:3, 6, 7
**Prayer**
**Confession of Faith:** The Nicene Creed
**Law:** Hymn 11 (The Ten Commandments): 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8
Sing: Hymn 66 (Great Is Thy Faithfulness): 1, 3
**Sermon:** Romans 12:1-2 (NKJV)
Focus verses: Romans 12:1-2
Theme: Give your whole being to God as a sacrifice!
Sing: Psalm 40: 3, 7
**Collection of Love-Offerings**
**Sending Blessing**
Sing: Hymn 258 (Give Thanks With A Grateful Heart)

Livestream

## Liturgie: Aanddiens 20 September 2020

### Ds Brahm Robinson

**Votum en Seëngroet**
Lofpsalm: Psalm 9-1:1, 3, 5, 7, 8, 10
**Gebed**
Sing: Psalm 112-2:1, 2, 3
**Woordbediening: 2 Konings 2:19-25**
Tema: Die twee snykante van die evangelie
**Gebed**
**Liefdegawes**
Sing: Skrifberyming 7-1 [31]:1, 2, 3
**Uitstuurseën**
Amen: Skrifberyming 13-3

Uitsending




## ***Lief en Leed:***





## **Liefdegawes:**

**Elektroniese betalings van kollektes en bydraes:**

| Vir die werk van die diakonie: | |
|---|---|
| Snapscan vir die eerste kollekte:<br>SnapScan<br>PXMP46287<br>Snap here to pay<br>https://pos.snapscan.io/qr/PXMP46287 | **Oggend 1ste kollekte:**<br>Diens van Barmhartigheid<br><br>EFT vir kollektes:<br>ABSA Tjekrekening<br>0670280012<br>Takkode: 632005<br>Verwysing:<br>• Diens van Barmhartigheid<br>(deponeer elke kollekte apart) |

| Vir die werk van die diakonie: | |
|---|---|
| Snapscan vir tweede kollekte:<br>SnapScan<br>PVA181324<br>Snap here to pay<br>https://pos.snapscan.io/qr/PVA181324 | **Aand 2de kollekte:**<br>Instandhouding van die GS<br><br>EFT vir kollektes:<br>ABSA Tjekrekening<br>0670280012<br>Takkode: 632005<br>Verwysing:<br>• Instandhouding van die GS<br>(deponeer elke kollekte apart) |

| Maandelikse bydraes vir onderhouding van die Woordbediening: | |
|---|---|
| Snapscan vir maandelikse bydraes:<br>SnapScan<br>5kcTaV-I<br>Snap here to pay<br>https://pos.snapscan.io/qr/5kcTaV-I | ABSA Tjekrekening<br>0670340023<br>Takkode: 335138<br>Verwysing: Naam, van en wyk |

# VERJAARSDAE HIERDIE WEEK:

| | | |
|---|---|---|
| 20 | September | Marco Potgiester |
| 23 | September | Aucamp Klopper |
| 23 | September | Jannes van der Walt |
| 24 | September | Markus Venter |
| 24 | September | Suzilna Wepener |
| 25 | September | Tatenda Ndiwoneyi |
| 26 | September | Johan Bezuidenhout |
| 26 | September | Floris van Staden |



Die mens – soos gras is al sy lewensdae,

'n blom wat ons aanskou met welbehae,

maar wat kortstondig is en baie teer.

Maar Gods genade en goedheid is onendig

oor almal wat Hom vrees

Psalm 103:8a; 9a



# Administratief

## 1. Attestate vertrek

- Martin de Villers na *NHK Rustenburg-Tuine*
- Gabriël Johannes (Abri) Pretorius na *GK Heilbron*
- Nicola van Zyl na *GK Heilbron*

## 2. Eredienste tydens inperkingstyd

Ons is baie opgewonde dat ons nou weer mag groter samekomste hou! Daar word nou 90 mense per erediens toegelaat. Ons vra dat u nog steeds die vorms voor Saterdae 17:00 invul. Onthou dat ons nog steeds moet hande saniteer en ons maskers aanhou tydens die erediens.









[Jubila: Bekendstellingsvideo](https://youtu.be/m_4WKLqm23wt)

# Korresponderende Kerkraad Klassis Potchefstroom

Posbus 20039, Noordbrug, 2531 E-pos klassispotch@gmail.com

**OPROEP TOT VEROOTMOEDIGING EN GEBED OP DV 4 OKTOBER 2020, VOLGENS KO Art. 66**

Die Klassis Potchefstroom roep al die kerke in die GKSA op tot 'n dag van verootmoediging en gebed volgens artikel 66 Kerkorde op 4 Oktober 2020.

Ons is dankbaar vir die verligting wat ingetree het met betrekking tot die uiters streng inperkingsregulasies. Tog voel die kerke steeds die druk, nood en dringende behoefte om weer in die volle gemeenskap van die heiliges te funksioneer.

**Ons versoek dat:**

1 Elkeen selfondersoek doen en verootmoedig voor die Here.

2 Elkeen die koningsheerskappy van Christus sal erken en nie die uitkoms by mense soek nie.

3 Ons voorbidding doen vir die owerheid in hierdie belangrike saak om in verantwoordelikheid voor God op te tree.

4 Ons voorbidding doen vir 'n goeie reënseisoen, sodat daar genoeg kos en werk sal wees vir alle mense in die land.

5 Die kerk in gehoorsaamheid aan God, ons lig in besonder sal uitstraal in hierdie tyd met liefde en omgee vir alle mense en in besonder vir die mense in nood, sodat die triomf van die evangelie eindeloos sal wees.

6 Die kerke die Here dank vir die bewaring wat die kerk grootliks ontvang het en die seëning van 'n hoë herstelpersentasie onder mense wat die virus opgedoen het.

Hierdie oproep word nie uitgebring in stryd met enige van die bestaande regulasies rakende samekomste nie.

Einde



# Disciples Go Ministries Online Workshops

The purpose of this invitation is to invite you to the first Disciples Go Ministries online workshops.

**Dates:** 19:00 - Monday 12 October 2020
19:00 - Monday 19 October 2020
19:00 - Monday 26 October 2020

**Costs:** Free

**Venue:** Online

**Facilitator:** Ed Gross, the author of:

- Are You a Christian or a Disciple?
- Disciples Obey
- Let Love Win through YOU
- Fruitful or Unfruitful?
- The Amazing Love of Paul's Model
- 100 Days with Jesus & Harvest Prayer of Jesus

**Register:** Click (or copy and paste the link in a search engine such as Google Chrome) on the following link to register for the first Disciples Go Ministries workshop: https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSeT-8iWOTPCMd0YW-EcHxavKxJp5d8R4FnFY3hjGMl8wQCGjw/viewform?usp=pp_url

*"To follow Jesus and make disciples of love who will advance Christ's Kingdom by multiplication and missional unity."*
*(Mission of Ed Gross)*

Email Pauline for any queries: paulinev@netactive.co.za

Register for the first Disciples Go Ministries workshop

Harvesters MINISTRIES

Opening the Way

## Geleentheid om verskil te maak in Lesotho
## saam met Harvesters Ministries (Bibles for Believers)

Het jy nog altyd die begeerte gehad om deel te wees van 'n **Bybelplasing** en **Dissipelskap-** en **Evangelisasie uitreik**?

Harvesters Ministries (Bibles for Believers) nooi jou om deel te wees van 'n 5-dag Uitreik / Bybelplasing na die Noord-Ooste van Lesotho.

Lesotho, die klein bergagtige koninkryk, is 'n land met baie uitdagings soos armoede, gesondheidsprobleme, en omdat dit so bergagtig is, is dit baie moeilik om tussen die dorpies te reis. Dis ook 'n land met pragtige kinders van God wat ‘n behoefte het om 'n verhouding met Hom te hê!

Harvesters Ministries, met die slagspreuk "*Opening the Way so that the world can know Jesus*" is reeds verskeie jare betrokke in Lesotho om kerke te help om kerke te plant deur evangelisasie, dissipelskap en pastorale opleiding. Francois Snyman en sy gesin woon reeds vanaf 2014 in Semonkong, 'n klein dorpie – diep in die berge! Francois is voltyds betrokke om hubleiers en studenteleraars in verskeie streke in Lesotho op te lei en toe te rus. Daar is reeds **127 kerke** in Lesotho geplant, sommige in afgeleë dorpies (villages) wat slegs met 'n perd of 4X4-voertuig bereik kan word. Die studenteleraars en lidmate van hierdie nuutgeplante kerke, het dringend Bybels nodig om in hulle verhouding met Jesus te groei en hulle te bemagtig om dissipelmakers te wees!

**Uitdaging**:

Kom saam en maak 'n verskil:

'n Harvesters-span en vennote, gaan van **18 tot 22 November 2020** saam met Francois Snyman, verskeie gemeentes in die **Maseru-** en **Maputsoe** areas besoek. Die doel is om ***1000 Sesotho Bybels*** na van hierdie studenteleraars en dissipels met wie Francois ‘n verhouding het, te neem. Hierdie Bybels gaan baie verantwoordelik en spesifiek uitgedeel word.

Die span sal ook vir 'n dag lank uitreik na verlorenes – 'n dag in die lewe van 'n leraar wat 'n kerkleier oplei in evangelisasie en dissipelskap. Daarna gaan die groep in kleiner groepe verdeel, na van die mees afgeleë dorpies reis en 'n Bybel in die hande van 'n gelowige in Dissipelskap-opleiding plaas. Vir al hierdie gelowiges sal dit hulle heel eerste Bybel wees wat hulle sal ontvang. Jy het ook die geleentheid om nuutgeplante kerke in die platteland van Lesotho te besoek.

**Wanneer**: 18 – 22 November 2020 ***(*Alle reëlings vir die Uitreik en Bybelplasing hang af van die COVID-19 regulasies)***

**Koste:** R3500.00 (Dit sluit brandstof, etes en verblyf in) (Die koste vir diegene wie hul eie voertuig wil gebruik, is R2500 – voertuig-eienaar dan net saam met sy passasiers vir eie brandstof verantwoordelik).

Ons wil jul Gemeente graag uitdaag om Harvesters te help en 'n boks Bybels (of deel daarvan) te borg. Die koste van 'n boks Bybels is ongeveer R3500. 'n Boks Bybels verander 'n gemeenskap!

Elke 4 sekondes sterf iemand sonder om Jesus te ken: https://youtu.be/zcref-di6Jk (kyk gerus na dié kort video). Die wêreld het Jesus nodig – kom help Harvesters om 'n verskil in Lesotho te maak.

Indien jy gelei voel om fondse vir Bybels te skenk – of wil deel wees van dié span, kan jy die volgende voltooi en terugstuur:

**Terugvoer**:

**1. Ja, ek/ons wil deel wees van die span. Ingesluit my/ons bedrag van R3500 per persoon t.o.v. administratiewe koste.**

Vir Inbetaling as spanlid/lede:
Operations Admin:
ABSA Bank Westgate (632005)
Spaarrekening: 926 052 8655
Verwysing: Les/Naam/Van

Naam:………………………………………………. Van:…………………………………………………...
Selfoonnommer:…………………………………Werk/huis:……………………………………………...
Epos-adres:………………………………………. Gemeente:……………………………………………
Bedrag inbetaal:………………………………….

Verwysing Gebruik (Vir Bankstaat):……………………………………………………………………..

**2. Hiermee my/ons donasie ten opsigte van Bybels en Kerkplanting in Lesotho.**

Bibles
ABSA Bank Westgate (632005)
Spaarrekening: 406 225 1510
Verwysing: Les/Naam/Van (Of Gemeente)

Naam:…………………………………………… Van:.…………………………………………....
Selfoonnommer:…………………………………Werk/huis:……………………………………....
Epos-adres:……………………………………. Gemeente:…………………………………………
Bedrag inbetaal:…………………………………

Verwysing Gebruik (Vir Bankstaat):…………………………………………………………..

Epos asseblief verwysing van inbetaling en bogenoemde inligting na: andreb4b@gmail.com

Skakel my gerus vir enige verdere navrae (082 851-7505)

Besoek gerus ook ons webblad by www.harvestersministries.com en die Harvesters Ministries Facebook Bladsy / Instagram vir meer inligting oor Harvesters se werk in meer as 62 lande wêreldwyd.

Ons hoor graag spoedig van julle.

Vriendelike groete,

**André Jooste**
*Manager: Bibles for Believers Project*